

## HOOFSTUK 2

### 2. DIE STIGTINGS- EN WORDINGSGESKIEDENIS VAN STANDERTON

#### 2.1 Inleiding

Die Bo-Vaalrivier wat by Standerton verby vloei, het sy oorsprong in 'n fontein op die Oostelike Hoëveld naby Klipstapel net oos van Breyten. Die Afrikaanse benaming vir die rivier is baie beskrywend: "Zo genoemd van de vale kleur van 't water".<sup>1)</sup> Die naam Vaalrivier, is egter 'n leenvertaling uit Hottentots(Kora) en nie 'n oorspronklike benaming nie.<sup>2)</sup> Thompson skryf daaromtrent: "The English name of this branch is a translation of the original Koranna appalation, Ky Gariep. The Griquas and Boors give it the Dutch name of Vaal river which has nearby the same meaning".<sup>3)</sup> Die plant- en dierkundige, Burchell sê die selfde: "the Tkygariep or Ky Gariep so called by the Natives and the Vaal River by the Klaarwater Hottentots".<sup>4)</sup> Die Bo-Vaalrivier was vroeër bekend as Likwa (ook Ligwa). Dit beteken kapok en die noordelike tak van die Vaalrivier, Kapokrivier, is slegs 'n leenvertaling van die Matabelenaan, Likwa. Die Zoeloes noem die rivier Ikwa en die Swazi's se naam vir hom is Èjkwa of Iykwa. Die woord is eintlik 'n sametrekking van die woord Ittèkwa, wat ruimte of vlakte beteken. Dit is dus 'n rivier van die vlakte.<sup>5)</sup>

- 
- 1) Herinneringe van J.H. Hattingh (Preller: Voortrekkermense I, p. 124).
  - 2) E.J. du Plessis: 'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername, p. 326.
  - 3) G. Thompson: Travels and adventures in Southern Africa, p. 74.
  - 4) W.J. Burchell: Travels in Southern Africa, p. 74.
  - 5) E.J. du Plessis: a.w., p. 327.

Ongeveer dertig kilometer oos van Standerton loop die Vaalrivier by Bloukop verby. "Bloukop! 'Umselengazi se Nkulungu'!. Vry oorgesit beteken dit 'Bloedvoor se Vesting' ! Hierdie bestreklik hoë, alleen - en uitstaande bergtop, vergrysde maar versiende wagter van die Hoëveld se verlede, verry op 'n punt waar drie distrikte, naamlik Wakkerstroom, Ermelo en Standerton mekaar ontmoet."<sup>6)</sup> Bloukop is van besondere historiese betekenis. Dit is hier by Bloukop waar Mzilikaze tydens sy vlug voor Shaka in 1822 'n tydlank vertoeft het om graan te plant en te oes.<sup>7)</sup>

Hier op die Oostelike Hoëveld het Mzilikaze dood en verwoesting gesaai en die Hoëveld is ontvolk. Die gebied waaroer hy beweeg het, "was covered with skeletons, and literally no human beings were left in it".<sup>8)</sup> Sy doel was om 'n woestyn of onbewoonde gebied tussen hom en Shaka te skep. In 1824 verlaat Mzilikaze Bloukop en vestig hom langs die Olifantsrivier by Pumuleni in die huidige Middelburgse distrik vanwaar hy sy verwoestingswerk voortsit.<sup>9)</sup>

Gedurende die somer wanneer daar goeie reëns geval het, was Standers Drift en omgewing groen en mooi in sy uitgestrektheid. Die volgende moderne beskrywing sal seker ook geld vir die gebied in die dae waaroer hier geskryf word.

"The air was brisk, the horizon clear and clean from one curve of the earth to the other, while overhead the sky was blue as a magic ocean, with giant cloud ships manoeuvering around

---

6) Albert Kuit: Transvaalse Gister, p. 11.

7) G.S. Preller: Lobengula, p. 25.

8) G.M. Theal: History of South Africa, 1795-1872, Deel I, 4e uitgawe, 1915, p. 456.

9) Peter Becker: Path of Blood, p. 56.

finding positions and then fire each afternoon with their big guns, hammering away with flashes and crashes, until one spring a leak and showered the earth with rain or the hail of a thunderstorm."<sup>10)</sup>

Maar daar was ook 'n ander kant van die saak: "A more wretched country can hardly be conceived", skryf Frank Oates tydens sy deurtog op 'n natuurkundige ekspedisie gedurende die winter.

"Not a tree to be seen, and half the country burnt black, if the dry grass is set on fire, it burns for weeks. The days are intensely hot, the nights very cold with sharp frosts. Countless herds of antelopes are to be seen every day; wildebeeste, blesbok, springbok and many others. The Dutch Boers have farms at intervals. They seem miserably poor, no milk, eggs and meat. I don't know how they live, there is scarcely any water, the road is in many places very bad and strewn with the bones and skeletons of oxen, wildebeeste and other animals, which have been picked clean by vultures. How people can pass their lives in such solitudes it is difficult to conceive."<sup>11)</sup>

## 2.2 Die stigting van Standerton as dorp

In Oos-Transvaal waar die bevolking sedert 1860 sterk toegeneem het, is etlike dorpe na hierdie datum gestig.<sup>12)</sup> In hierdie verband was daar groot behoefte aan 'n dorp tussen Wakkerstroom en Heidelberg en daarom het 'n sindikaat bestaande uit

- 
- 10) T.V. Bulpin: *Lost Trails of the Transvaal*, pp. 243-244.
  - 11) Frank Oates: *Matabeleland and the Victoria Falls*, pp.12-13.
  - 12) F.J. Potgieter: *Die vestiging van die blanke in Transvaal 1837-1886* (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1958, Deel II, p. 113).

N.P. Muller, C.C. Lombaard (Stoffel Sandspruit), B.J. Potgieter,  
G.H. Muller en veldkornet Jan P. la Grange, in 1875 die plaas  
Grootverlangen 136 van Adriaan Stander gekoop en dit in erwe  
laat opmeet.<sup>13)</sup>

Na die opmeting van die erwe deur landmeter James Brooks, het  
die volgende advertensie verskyn: "Belangrike Kennisgewing;  
Verkooping van Erven op den 8sten Maart 1876 te Standers Drift,  
Vaalrivier. De eigenaars besloten hebbende om op bovengenoemde  
datum de eerste partij Erven op deze nieuwe en veelbelowende  
standplaats voor een stad te koop aan te bieden, zoo worden  
alleen die belang hebben bij haar ontstaan en haren voortgang  
uitgenoodigd om tegenwoordig te zijn. De voorwaarden en bepa=  
lingen die zeer billijk zijn zullen op den dag der verkooping  
worden bekend gemaakt. Deze ist eene zeldsame kans voor Kapita=  
listen, Mannen van zaken en Speculateurs. Als het middelpunt  
van den Wolhandel aan die Rivier huis halfweg tusschen M.W.  
Stroom en Heidelberg, en aan de Hoofdweg van Pretoria na New=  
castle, den Spoorwegterminus in Natal vordert de ligging geen  
aanbeveling. De opkomst zal seker groot wezen en aangezien  
slechts een beperkt aantal Erven verkocht zal worden, behooren  
aanstaande kopers op den uitkyk te zijn. Alle informatie kan  
verkregen word op aanzoek bij den ondergetekende te Standers  
Drift, James Brooks, Grootverlangen 31 January 1876."<sup>14)</sup>

Volledige koopvoorwaardes is opgestel. Die erwe sou afsonderlik  
verkoop word, die aanbod moes in sterling wees en minstens 10/-  
(R1,00) op elke bod. Voorsiening vir afbetaling in paaiememente

---

13) P.J. Nienaber: Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, Deel I,  
p. 359.

14) Staatscourant der Z.A.R., 9.2.1876.

en krediet is ook gemaak. Na verkoping van een honderd erwe, verbind die verkopers hulle om 3 000 morg grond vir algemene weiding beskikbaar te stel, wat die eiendom van die dorp sou word. 'n Totaal van 250 erwe is te koop aangebied.<sup>15)</sup> Hiervan is 144 erwe verkoop en die pryse het gewissel van £10 (R20,00) tot £46 (R92,00), wat die hoogste prys is wat vir 'n erf betaal is. Dit was egter die uitsondering want die meeste erwe is vir minder as £20 (R40,00) verkoop. Adriaan Stander het self ook twee erwe gekoop vir £15 (R30,00) elk.<sup>16)</sup>

Op 23 Mei 1876 dien 'n memorie van N.M. Muller en vier ander voor die Volksraad van die Z.A.R. om die plaas Standers Drift as dorp uit te gee.<sup>17)</sup> Die saak is na die Uitvoerende Raad om in belang van die land te handel, verwys. Die Uitvoerende Raad was heeltemal positief oor die saak en die nodige magting is gegee om die plaas Standers Drift as dorp uit te gee.<sup>18)</sup>

Bykans 'n jaar later is weer 'n memorie aan sir Theophilus Shepstone, administrateur van Transvaal sedert die anneksasie in 1877, gerig waarin G.H. Muller, N.P. Muller, D.M. Prinsloo, C.C. Lombard en vyftig ander burgers Shepstone versoek om Standers Drift as dorp te verklaar. Dit word vermeld dat die Volksraad en die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. dit alreeds goedgekeur het, maar met die verandering van regering het dit agterweë geraak. Hulle versoek verder dat die erwe wat op

---

15) R.4636/80: Koopvoorraadtes van erwe te Standerton, 10.9.1876.

16) Argief Standerton: Sekere los stukke, ongeordend en sonder datum.

17) V.R.B. art. 79, 23.5.1876.

18) U.R.B. art. 137, 1.9.1876 en U.R.B. art. 116, 28.9.1876.

8 Maart 1876 verkoop is, vrygestel moes word van dubbele here=regte omdat die verwisseling van regering veroorsaak het dat hulle nie die nodige transport kon neem nie.<sup>19)</sup> Shepstone het gunstig op die memorie gereageer en Standerton vanaf 1 Januarie 1879 geproklameer as 'n stad of dorp onderworpe aan die admini=strasie van die regering van Transvaal.<sup>20)</sup> Die "drift" is nou vervang deur "ton" 'n Engelse uitgang by die name van dorpe, wat "town" of "dorp" beteken.<sup>21)</sup>

Die oorsprong van die naam "Standerton" het later tot baie gissinge geleid. Die eerste gedeelte is ongetwyfeld gegee ter ere van die oorspronklike eienaar, Stander, en die agtervoegsel "ton" is afgelei van die Engelse woordjie "town". Wyle sen. Adam Theron het egter volgehoud dat die "ton" aangelas is omdat Stander £2 000 (R4 000) vir die plaas Grootverlangen ontvang het, en 2 000 lb. 1 ton is. Hierdie berekening is egter baie twyfelagtig want 'n kleindogter van Stander het weer die ver sekering gegee dat haar grootvader £4 000 (R8 000) vir die plaas ontvang het.<sup>22)</sup> As mens die pryse waarvoor die 250 erwe verkoop is, en die beskikbaarstelling van die 3 000 morg dorps=grond in aanmerking neem, lyk die bedrag van £4 000 (R8 000) 'n

---

19) R.4636/80: Memorie aan Shepstone, 24.9.1877.

20) F. Jeppe: De locale wetten der Z.A.R. 1849-1885, prokla=masie T. Shepstone administrateur van Transvaal, 14.12.1878, pp. 714-715; Transvaal Government Gazette, 31.12.1878, Reg. kennigsgewing no. 170, 1878.

21) P.J. Nienaber: a.w., p. 359.

22) Eric Wood: 'n Kort geskiedenis van Standerton, geen bladsyverwysing nie.

bietjie hoog om enige finansiële voordeel vir die sindikaat in te gehou het.

### 2.3 Bepaling van grense

Met die totstandkoming van die distrik in 1879, is die grense soos volg vasgestel: Vanaf die samevloeiing van die Waterval- en Vaalrivier met 'n reguit lyn tot by die kruising van die pad van Pretoria na Standerton met 'n pad na Heidelberg wat onmiddellik ten noorde van die waterval in die Watervalrivier verbyloop. Die kruising van die paaie is ongeveer twee tot drie myl ten weste van die waterval, vandaar met 'n reguit lyn na die oorsprong van die oostelike tak van die Watervalrivier op die waterskeiding, dan met 'n reguit lyn na die heuwel "Spion Kop", naby die plaas van P. Naude, verder na 'n tafelkop op die plaas "Tafelberg" geleë aan die boonste tak van Kafferspruit, dan langs die oostelike oewer van Kafferspruit, insluitende die plase "Tafelkop", "Rietvlei", "Goedkoop" en die regeringsgronde "Uitzicht" en "Holland" geleë aan die Vaalrivier. Vandaar langs die Vaalrivier af tot by die samevloeiing met Kafferspruit, vanhier met 'n reguit lyn na 'n heuwel genaamd "Witkoppie" geleë op die plaas "Witkoppie" naby die grootpad van Standerton na M.W.Stroom en vandaar met 'n reguit lyn tot by die boonste baken van die plaas "Kromdraai" aan die Kliprivier, dan langs die Kliprivier af tot met sy samevloeiing in die Vaalrivier en verder met die Vaalrivier af tot waar die Watervalrivier in die Vaalrivier vloeï.<sup>23)</sup>

---

23) Jeppe: a.w., Proklamasie - T. Shepstone, 6.12.1878,  
pp. 715-716.

## 2.4 Grense verander

Met die proklamering van Ermelo as distrik op 27 Mei 1882, is die grense van die distrik Standerton verander en soos volg vasgestel:<sup>24)</sup> Die beginpunt is waar die Kliprivier in die Vaalrivier loop en verder langs die Kliprivier tot by die plaas Waterval waar die winkel van Steele staan, dan oor die plaas Honingvlei, tot by Gert Muller se plaas Zandspruit, verder oor die plaas van Joh. Badenhorst by Paardekop, vandaar oor die plaas van Robert Preller, dan in 'n reguit lyn oor die plaas van Frans Badenhorst aan die onderpunt van die plaas Blaauwkop wat aan Christiaan de Jager behoort, verder oor die plaas van P. du Plessis en Jacobus Boshoff, Rietspruit, A.C. Meijer Naudesfontein, P. Naude Eerste Geluk, tot by F.G. de Klerk, op wie se plaas die noordelikste baken geplaas is tussen Standerton en Middelburg, dan weswaarts na die oorsprong van die Watervalrivier oor die plaas Eerste Geluk van J. de Klerk, Mooifontein van C. Joubert, Ongezien van H. Human en A. Human, Witbank van H. Smit, Boesmanskraal van P. Zietsman, Rietfontein van M. Meijer, Bankies van D. Smit, Langsloot van P. Bosman, en Dieplaagte van P. Bosman, vandaar langs die verlate plaas van A. Peel en Van der Merwe, verder oor die plaas van Salomon Prinsloo tot by die westelike baken tussen die transportpad van Standerton en Heidelberg na Middelburg synde dieselfde distrikshoekbaken tussen Heidelberg, Middelburg en Standerton wat by die eerste lynbepaling uitgewerk was, en dan soos wat die grens bestaan het tussen Heidelberg en Standerton.<sup>25)</sup> Daar was dus nou 'n duidelike grenslyn tussen

---

24) Jeppe: a.w., Volksraadbesluit, 27.5.1882, p. 1104.

25) Jeppe: a.w., Proklamasie - S.J.P. Kruger, Vice President, 2.3.1882, pp. 1067-1068.



Standerton: Grenslyne en Veldkornetskappe

Standerton en die aangrensende gebiede naamlik die Oranje-Vrystaat, Wakkerstroom, Ermelo, Middelburg en Heidelberg.

## 2.5 Die landdroste van Standerton tot 1899

Standerton het tot 1899 vier landdroste gehad. Tydens elkeen se ampstermyne het sekere vermeldenswaardige dinge plaasgevind. In hierdie hoofstuk word in chronologiese volgorde daaraan aandag gegee.

Administratief het die volgende indeling vir die landdros van Standerton gegeld. Die landdros het aan die hoof van drie veldkornetskappe gestaan, naamlik Kliprivier, Waterval en Blesbokspruit.<sup>26)</sup> Die volgende afdelings en amptenare het ook onder die landdros geressorteer, naamlik landdroshof, belastinggaarder, seëluitdeler, magasynmeester, telegraafkantoor en weeginspekteur.<sup>27)</sup>

### 2.5.1 J.C. Krogh (1879-1882)

Die eerste landdros van Standerton was Johannes Christoffel Krogh wat op 1 Januarie 1879 as landdros diens aanvaar het.<sup>28)</sup> Gedurende sy ampstermyne is veral aandag geskenk aan die saak van watervoorsiening.

---

26) Jeppe: a.w., Proklamasie M. Osborn Koloniale Sekretaris, 3.10.1879, pp. 724-725.

27) Argief Standerton: Landdros Inkomende Stukke, 1881-1897, B.1 Administrasie Landdros Standerton.

28) Transvaal Government Gazette, 31.12.1878. Government Notice no. 170, 1878.

### 2.5.1.1 Watervoorsiening

Nog in die eerste jaar na die stigting van Standerton, rig 'n komitee bestaande uit Alex Gibson, John H. Stedman en Frank Rex namens die inwoners, 'n petisie aan Owen Lanyon, administrateur van Transvaal, waarin hulle die saak van watervoorsiening aan Standerton sterk beklemtoon. Hulle wys daarop dat landmeter, James Brooks wat die dorp oorspronklik uitgemeet het, van mening was dat water vir besproeiingsdoeleindes en huishoudelike gebruik met 'n voor uit die Vaalrivier gebring kon word. Juis dit het baie mense beïnvloed om daar erwe te koop. Standerton is 'n groeiende dorp, dit is die sleutel tot 'n groot en ryk distrik. Verder bedien dit die hoof uitvoer- en invoerroete tussen Transvaal en Natal. Daarom is die behoefte aan 'n permanente watervoorsiening vir die dorp uiters noodsaklik. Dit kan ḥf met 'n voor uit die rivier ḥf met behulp van 'n dam noord of noordoos van die dorp gedoen word.<sup>29)</sup>

Landdros Krogh het die saak van watervoorsiening sterk gesteun. Hy het veral die aandag daarop gevestig dat die bou van 'n dam vir dié doel tot groot voordeel vir die dorp sal wees, veral met die oog op toekomstige ontwikkeling. Sonder die nodige watervoorsiening sou die belangrikheid van die dorp se strategiese ligging nie tot sy reg kom nie. Vir die bou en behoorlike instandhouding van so 'n skema, was egter baie geld nodig. Daarom het Krogh gevoel dat dit iets vir die toekoms was. Om in die tussentydse behoeftes van die dorp te voorsien en om koste te bespaar, het hy voorgestel dat 'n dam of opgaarplek ten noordooste van die dorp gebou word. So 'n skema sou vir

---

29) R.3308/79: Petisie deur A. Gibson, J.H. Stedman en F. Rex-Owen Lanyon, 19.9.1879.

jare aan die dorp se behoeftes kon voldoen.<sup>30)</sup>

Die Landmeter-generaal het met Krogh se aanbeveling saamgestem en dit aan die regering deurgestuur vir verdere ondersoek deur die hidrologiese ingenieur.<sup>31)</sup> Owen Lanyon het verder ook nog die aandag daarop gevestig dat Standerton bestem was om 'n militêre kamp te huisves en dat hulle ook water nodig sou hê; derhalwe kon daar moontlik ook van militêre arbeid gebruik gemaak word om die taak te verrig.<sup>32)</sup>

Die aangeleentheid het skynbaar die spoedige aandag van die owerheid geniet, want majoor C. Webber van die "Royal Engineers" het nou 'n volledige plan met spesifikasies opgestel wat voorstiening gemaak het vir 'n keerwal van 112 m in die Vaalrivier waardeur die water uit die rivier in 'n voor wat 1,2 m breed, 300 mm diep en 213 m lank sou wees uitgekeer sou word tot by 'n waterwiel wat die water dan deur 'n 200 mm pyp na 'n opgaardam met 'n inhoudsvermoë van 1136,5 k1 ten ooste van die dorp sou pomp. Vandaar sou die water maklik versprei kon word. Die koste van die skema sou ongeveer £7 000 (R14 000) beloop.<sup>33)</sup>

Die koste wat die projek sou meebring, was skynbaar te hoog en Standerton moes nog lank wag op doeltreffende watergeriewe. Intussen moes inwoners hul daaglikse voorraad met 'n karretjie vanaf die rivier karwei. Sommige het putte in hul erwe gegrawe

---

30) R.3308/79: Landdros Krogh - Landmeter-generaal, 25.10.1879.

31) R.3308/79: Rapport Landmeter-generaal, 30.10.1879.

32) R.3308/79: Owen Lanyon - Colonial Secretary, 15.12.1879.

33) R.3308/79: Rapport van C. Webber i.v.m. Standertonse Watervoorsiening, 1.1.1880.

en ander het by die naaste fontein gaan skep.<sup>34)</sup>

Krogh was nie baie tank landdros van Standerton nie, want op 27 Augustus 1881, het hy daarvandaan vertrek. By die geleentheid het die inwoners van Standerton hom verskeie adresse aangebied as blyk van waardering vir die dienste wat hy aan die gemeenskap gelewer het.<sup>35)</sup> Sy opvolger was die heer J.S. Smit.

### 2.5.2 J.S. Smit (1882-1886)

J.S. Smit het op 12 Mei 1882 landdros van Standerton geword teen 'n salaris van £400 (R800) per jaar.<sup>36)</sup> Tydens sy vierjarige dienstermyne het verskillende ontwikkelinge die dorp ten deel gevallen.

#### 2.5.2.1 Markmeester

Smit het hom veral beywer dat Standerton 'n markmeester moes kry. Sy belangrikste argument ten gunste daarvan, was dat die distrik baie wol asook ander produkte oplewer en dat 'n markmeester noodsaaklik was. Sy voorstel was dat Daniel M. James, die skutmeester, ook as markmeester aangestel word, aangesien hy in staat was om altwee die poste te behartig.<sup>37)</sup> Die Volksraad het op Smit se versoek gereageer deur £20 (R40,00) per jaar op die begroting te plaas vir die aanstelling van 'n markmeester.<sup>38)</sup>

---

34) Scholtz: a.w., p. 124.

35) De Volksstem, 7.9.1881.

36) Argief Standerton, Landdros Inkomende stukke, 1881-1897, Staatsekretaris - Waarnemende Landdros, 12.5.1882.

37) R.1573/84: Landdros J.S. Smit - Staatsekretaris, 15.4.1884.

38) R.1573/84: Afskrif brief Staatsekretaris - Landdros, s.d.

### 2.5.2.2 Sakeondernemings

Volgens die lys van lisensies wat in 1883 deur landdros Smit uitgereik is, blyk dit dat daar in die tyd en in die omstandigheide heelwat sakeondernemings sedert die stigting van Standerton tot stand gekom het. Licensies is naamlik uitgereik aan J.J.C. von Hasselt as vendusieafslaer, verder vir vyf winkels, drie hotelle, een slagter, een bakker, drie rondreisende handelaars en een drankwinkel.<sup>39)</sup> Die baie hotelle kan seker toeskryf word aan die feit dat Standerton geleë is op die hoofroete tussen Pretoria en Durban en dat hulle dus opgerig is met die oog op reisigers.

### 2.5.2.3 Jaarlikse perdewedrenne

Standerton is van vroeg af reeds bekend vir sy pragtige perde.<sup>40)</sup> In dié verband het landdros Smit dikwels opgetree as skeidsregter by die jaarlike perdewedrenne wat op Standerton gehou is.<sup>41)</sup> Die soort vermaak was blykbaar baie gewild want die Standertonkorrespondent van De Volksstem berig dat op 14 en 15 Junie 1883 die jaarlike perdebyeenkoms plaasgevind het. Die weer was mooi en besoekers het van heinde en ver gekom. Volgens die program was dit 'n "Excellent show". Op die eerste dag was daar drie wedrenne. Die prysgeld was £30 (R60) vir die wenner en op die tweede dag was daar vier wedrenne.<sup>42)</sup>

---

39) R.1363/83: Lys van lisensies uitgereik, 27.3.1883.

40) Vir meer besonderhede i.v.m. perdeboerdery sien p. 62.

41) De Volksstem, 8.4.1886.

42) De Volksstem, 7.7.1883.

#### 2.5.2.4 Posdiens

Gedurende Smit se termyn is die posdiens op 'n vaste grondslag geplaas. Teen 1886 was daar gereeld poskarre wat by al die dorpe en kantore langs die pad aangedoen het. Die vernaamste roetes was vanaf Pretoria oor Heidelberg en Standerton na Wakkerstroom en 'n vertakking vanaf Standerton na Newcastle.<sup>43)</sup> Die poskar is oor die Vaalrivier met 'n pont, onder beheer van F.H. Potgieter, geneem.<sup>44)</sup>

Na 'n verblyf van vier jaar op Standerton het Smit op 1 Oktober 1886 as landdros van Pretoria diens aanvaar, wat vir hom natuurlik 'n groot bevordering was.<sup>45)</sup> Intussen is die landdrosklerk P.J.H. Minnaar as waarnemende landdros in die plek van Smit aangestel.<sup>46)</sup>

#### 2.5.3 J. van Backström (1887-1894)

Terwyl Minnaar as landdros waargeneem het, is Piet Retief Viljoen van die plaas Bronkhurstfontein, Pretoriadistrik en Johan van Backström van die plaas Otterskuilen, veldkorнет van die wyk Waterval, Standertondistrik, aangewys as kandidate vir die landdrosverkiesing.<sup>47)</sup> Die verkiesing het in Desember 1886 plaasgevind en Van Backström is met 181 stemme teen 107 as nuwe landdros van Standerton verkies en het hy op 15 Maart 1887

---

43) Staatscourant, 18.8.1886, Tijdtafel voor Postvervoer.

44) R.196/85: Landdros Smit - Staatsekretaris, s.d.

45) R.3911/86: Landdros Smit - Staatsekretaris, 6.9.1886.

46) R.3911/86: Staatsekretaris - Landdrosklerk, 17.9.1886.

47) U.R.B. art. 249, 30.9.1886.

diens aanvaar.<sup>48)</sup> In dié verband gee Staatsekretaris, Eduard Bok aan die waarnemende landdros, Minnaar kennis dat Van Backström as landdros van Standerton op 11 Maart 1887 beëdig is en dat die waarnemende landdros by Van Backström se indienstreding die kantoor aan hom moet oorhandig en alle moontlike hulp moet verleen.<sup>49)</sup>

Johan van Backström is op die plaas Ida's Valley naby Stellenbosch gebore. In die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu het hy na die Oranje-Vrystaat getrek en by Koppies 'n tydjie vertoef. Vandaar is hy na Transvaal waar hy die plaas Otterskuilen in die wyk Waterval, Standertonse distrik gekoop het. Hy was, met sy gesin, verbete afskaffers, algehele onthouers van alkoholiese drank. Hy kon hom derhalwe nie vereenselwig met die groot aantal kroëë op die dorp en omgewing nie. Wanneer daar aansoek gedoen is om 'n dranklisensie, het hy as voorsitter van die raad, gewoonlik 'n ferme houding daarteen ingeneem. Die oggend van sy dood was daar juis 'n sitting van die dranklisensieraad om nuwe aansoeke te oorweeg. Voor sy vertrek na die vergadering het hy aan sy vrou gesê: "Ek sterf liever voor ek my naam teken op 'n dokument wat magtiging verleen vir nog 'n drinkplek."<sup>50)</sup> Min het Van Backström geweet dat sy woorde nog bewaarheid sou word, want dieselfde oggend word berig:

---

48) R.4958/86: Landdros - Staatsekretaris, 16.3.1887.

49) Argief Standerton, Landdros, Inkomende Stukke, 1881-1897, Band I: Staatsekretaris - Landdros, 11.3.1887.

50) Scholtz: a.w., p. 141.

"Landdrost stierf schielik aan hart kwaal onder zitting van drank commissie."<sup>51)</sup>

Gedurende die sewe jaar en drie maande wat Van Backström landdros van Standerton was, het daar heelwat plaasgevind.

#### 2.5.3.1 Nuwe tronk

Deur korrespondensie bring Van Backström die treurige toestand van die plaaslike tronk onder die aandag van die regering en wys op die noodsaaklikheid van 'n nuwe tronkgebou.<sup>52)</sup> Die regering het spoedig op Van Backström se versoek gereageer en die tender van Wilkenson en Gabriël is aanvaar vir die bou van die nuwe gevangenis. Na voltooiing van die gebou kon die regeringsingenieur en argitek, S. Wierda, rapporteer dat hy die gebou geïnspekteer het, en wat die uiterlike aansig betref, was dit baie netjies en het die bouers groot tevredenheid gegee.<sup>53)</sup> Na die voltooiing van die gevangenis het Van Backström sy groot dankbaarheid te kenne gegee en terselfdertyd gevra of daar nie iets aan sy eie kantoor gedoen kon word nie, terwyl ook die Pos- en Telegraafkantoor te klein vir sy doel was.<sup>54)</sup> Nadat tenders gevra is, is 'n tender van Wilkenson en Gabriël vir £975(R1 950) aangeneem om met die nodige verbouing aan te gaan,<sup>55)</sup> en ongeveer 'n jaar later word gerapporteer dat die bouwerk aan

---

51) R.5572/94: Telegram, Publieke aanklaer - Staatsekretaris, 19.5.1894.

52) R.7099/87: Landdros Van Backström - Staatsekretaris, 4.10.1887.

53) R.7099/87: S. Wierda - Staatsekretaris, 27.4.1889.

54) R.3889/89: Landdros Van Backström-Staatsekretaris, 23.4.1889.

55) U.R.B., 1889: B.9, 14.12.1889, art. 802.

die Pos-, Telegraaf- en Landdroskantoor voltooi is.<sup>56)</sup>

### 2.5.3.2 President Kruger besoek Standerton

Gedurende Desember 1888 is Standerton vereer met 'n besoek van president Paul Kruger tydens een van sy inspeksiereise deur die Transvaalse Republiek. Met dié besoek sou die president op 9 Desember 1888 tydens die afwesigheid van die predikant, ds. H.L. du Plessis, ook die erediens waarneem.<sup>57)</sup>

Oor die besoek self word gerapporteer dat die dorp feestelik getooid was as mens dit van toepassing kan maak op die twintigtal huise, waaruit die dorp bestaan het. Op 'n ereboog voor die landdroskantoor het die woord "Welkom" gepryk. Onder leiding van die onderwyser, Coldrey, het die skoolkinders die Staats-president toegesing en het landdros Van Backström hom 'n welkomadres aangebied, waarna die Staatspresident die landdros en die inwoners van Standerton bedank het vir die adres en die ontvangs wat hom te beurt gevall het.<sup>58)</sup>

Behalwe vir die besoek van die Staatspresident, het daar nie veel in die tyd gebeur nie. So skryf "Dopper Boer" in De Volksstem:<sup>59)</sup> Aangesien daar so selde iets van Standerton in De Volksstem verskyn, sal hy bly wees as sy berig in die koerant geplaas word. Hy maak melding van die reën na die droogte, wat egter vir die gesaaides te laat was. Die bevolking van die distrik het toegeneem want baie boere wat hulle goudplase op die Witwatersrand verkoop het, het hulle daar kom vestig. Ook

---

56) R.3889/89: Sertifikaat van die bou-opsigter, 18.1.1891.

57) R.10500/88: Staatsekretaris - Landdros, 30.11.1888.

58) De Volkstem, 20.12.1888.

59) De Volksstem, 11.3.1888.

die dorp het goed vooruit gegaan maar dit kan nog beter wees.

### 2.5.3.3 Standerton kry 'n brug oor die Vaalrivier

Een van die hoogtepunte tydens Van Backström se landdrosskap, was die bou van 'n brug oor die Vaalrivier.

Ten ooste van die Drakensberg het die pad van Durban af noordwaarts gestrek tot by Newcastle waar dit in twee gevurk het, een na Wakkerstroom en Lydenburg en die ander een oor Standerton en Heidelberg na Pretoria.<sup>60)</sup> Die pad vanaf Newcastle na Standerton het deur die Vaalrivier gegaan. Gedurende die wintermaande was daar geen probleme om deur die rivier te kom nie, maar in die somer was dit 'n ander storie. In dié verband berig De Volksstem in die jaar na die stigting van Standerton, dat die dorp en distrik reënbuie en haelstorms gekry het soos nog nooit tevore nie. Die oudste inwoners het die Vaalrivier nog nooit so vol gesien nie en dat: "up till now the rise and fall is almost as regular as the ocean tides".<sup>61)</sup> Wat hier ten opsigte van 1880 vermeld word, was egter feitlik elke somer die geval.

Wanneer die rivier vol was, is daar van ponte gebruik gemaak om oor die rivier te kom. Die eerste pont is 'n jaar voor die stigting van Standerton deur F. Repetzky, voorheen van Sanddrif, beskikbaar gestel.<sup>62)</sup> Vir baie jare was dit al manier om oor die Vaalrivier te kom. Met die aansoek van John Palgrave om 'n

---

60) A. Anderson: Twenty-five years in a waggon, p. 264.

61) De Volksstem, 27.11.1880.

62) De Volksstem, 19.1.1878.

pont oor die Vaalrivier te werk, wys die landdros daarop dat 'n pont 'n onmisbare artikel was,<sup>63)</sup> en tenders is jaarliks gevra vir die huur van die pont oor die Vaalrivier.<sup>64)</sup>

Die eerste drif in die Vaalrivier by Standerton is gedurende 1878 deur die regering gebou. Chas. J. Moysey was toesighouer. 'n Groot klomp klippe was vir die bouery nodig en is ongeveer 'n kilometer ten suide van die rivier verkry. Die suidelike rivierwal was nie baie steil nie en min grond is weggewerk vir die pad vanaf Newcastle.<sup>65)</sup>

Vir baie jare was die drif in die winter en die pont in die reënseisoen die enigste manier om oor die Vaalrivier te kom en dit was eers in 1888 dat J. van Backström, D.H. du Preez en 178 ander burgers versoek het dat 'n brug oor die Vaalrivier by Standerton gebou moes word. Die onkoste sou deur 'n tol gedek word.<sup>66)</sup> Die versoek is deur die Volksraad oorweeg en daar is besluit om 'n brug oor die Vaalrivier te bou.<sup>67)</sup> "Die bou van brûe oor die riviere en spruite van die Z.A.R. het in nou verband gestaan met die totstandkoming en verbetering van 'n netwerk van transportpaaie wat die Republiek deurkruis en al die belangrike sentra met mekaar en met die omliggende gebiede verbind het."<sup>68)</sup>

---

63) R.5364/81: Landdros Krogh - Staatsekretaris, s.d.

64) R.3981/79: Landdros Krogh - Staatsekretaris, 12.11.1879.

65) R.866/78: Chas. J. Moysey - Staatsekretaris, 1.2.1878.

66) Volksraadregister, Orde en Notuleboek, E.V.R., Band 520, 4.5.1888, p. 456.

67) Notule van die Volksraad, art. 359, 4.6.1888.

68) H.M. Rex: Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis in die Suid-Afrikaanse Republiek, p. 389.

Die tekening van die bowebou en die spesifikasies van die brug oor die Vaalrivier by Standerton, is in die loop van 1888 voorberei.<sup>69)</sup> Gedurende Januarie 1889 is tenders gevra vir die bou van die brug<sup>70)</sup> en eindelik is die tender toegeken aan 'n boumeester by name Van Tink.<sup>71)</sup> Die bedrag waarvoor hy getender het, is nie bekend nie.

Op Maandag 8 Julie 1889 is die brug uitgemeet en 'n Hollander by name Jan Frederick Elffers was die bouopsigter. Daar is onmiddellik 'n begin gemaak met die nodige uitdrawings en met die breek van klippe voordat die bouwerk kon begin.<sup>72)</sup>

Die bouery is aanvanklik vertraag deur 'n tekort aan cement wat veroorsaak is deur 'n droogte, en te min weiding vir die osse wat die waens met cement van Newcastle af moes trek. Elffers was ook nie baie tevrede met die aannemer Van Tink se optrede nie. Volgens Elffers was Van Tink onverskillig en het die werk soms tot twaalf dae lank stilgestaan. Dan het daar weer net een steenbouer en vyf arbeiders gewerk.<sup>73)</sup> Nadat die beste steenbouer ook nog vertrek en die ander gedreig het om te loop, het Elffers baie ongelukkig gevoel. Ook kon die toestand nie so voortduur nie.<sup>74)</sup>

---

69) Rex: a.w., p. 391.

70) De Volksstem, 14.12.1888.

71) Scholtz: a.w., p. 89.

72) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Elffers - Wierda, 21.10.1889.

73) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Elffers - Wierda, 4.1.1890.

74) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Elffers - Wierda, 6.1.1890.

Intussen het 'n ander oponthoud plaasgevind. Elffers het naamlik ernstig siek geword<sup>75)</sup> en die bouery aan die brug word nou heeltemal gestaak. Weens koers het Elffers se toestand verder versleg en die landdros het getwyfel of Elffers vir die volgende maand in staat sou wees om sy werk te verrig.<sup>76)</sup> Hy sou egter nooit weer diens aanvaar nie, want op 29 Maart 1890 is hy oorlede<sup>77)</sup>, en op Standerton begrawe. Elffers is deur Hollenbach opgevolg en onder sy toesig is die brug toe voltooi.<sup>78)</sup>

Die staalkonstruksie van die brug is deur die Duitse firma Harkout vervaardig en dit is omstreeks die helfte van Julie 1889 in Durban afgelaai. Die twee spannings oor die brug was elkeen 130 voet lank.<sup>79)</sup>

Met die bou van die brug is ook probleme met oorstromings onder vind. Hierdie oorstromings is blykbaar veroorsaak deur die spruit wat wes van die brug in die rivier loop. Wanneer die rivier en die spruit tegelyk vol is, stoot die water van die rivier in die spruit op en dit veroorsaak die oorstroming.<sup>80)</sup>

---

75) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Telegram Landdros - Wierda, 22.3.1890.

76) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Landdros - Wierda, 25.3.1890.

77) Publieke Werke, Brugge, 1889 - 1891, no. 159: Telegram Landdros - Wierda, 29.3.1890.

78) Publieke Werke, Brugge, 1890-1894, no. 161: Hollenbach - Wierda, 2.4.1890.

79) Rex: a.w., p. 392.

80) Publieke Werke, Brugge, 1889-1891, no. 159: Weginspekteur - Wierda, 23.3.1890.

Brûe oor die Vaalrivier by Standerton. Op die voortgrond verskyn die spoorwegbrug, voltooi in 1895 en op die agtergrond die wabrug, voltooi in 1891.



Die bouwerk het egter die jaarlikse oorstromings oorleef en toe dit voltooi is, het 'n wa belaai met 'n stoomketel met 'n totale gewig van 33 000 pond, oor die brug gery. Hoewel die brug ontwerp was om nog 'n swaarder gewig te dra, was die swaar vrag 'n goeie toets.<sup>81)</sup> Daarmee was die bouers tevrede en die opening van die brug kon op 25 Junie 1891 plaasvind.<sup>82)</sup>

Om die openingsgeleentheid te reël, is 'n komitee met kommandant Robert Preller as voorsitter, benoem. Aan die begin was daar in verband met die versiering van die dorp heelwat kritiek en teenkanting en selfs twis en tweedrag. Preller wou onder andere 'n groot ereboog oprig met die woorde "Welkom Hoogedele President", maar Landdros Van Backström, wat nie lid van die komitee was nie, het gemeen dat "Welkom" voldoende was. Preller het egter voet by stuk gehou en die ereboog is toe volgens sy voorstel opgestel. 'n Perdekommmando onder aanvoering van Abraham Boshoff, veldkornet van die wyk Kliprivier, het president Kruger wat die brug sou open, tegemoet gery. Boshoff het voor gery tussen die twee oudste skoolseuns, elkeen met 'n groot Vierkleur. Landdros Van Backström het die ereplek langs die President in die waentjie ingeneem en die welkomsadres voorgelees nadat die stoet onder die ereboog deurgegaan het. Vanaf die trappe voor die ingang van die landdroskantoor, het die President die skoolkinders toegespreek waarna hulle hom "Kent gij dat Volk" toesing het. Daarna het die opening van die brug, waartydens die President die aanwesiges toegespreek het, plaasgevind. Tydens sy verblyf op Standerton het die President by landdros Van Backström tuisgegaan.<sup>83)</sup>

---

81) Rex: a.w., p. 395.

82) De Volksstem, 14.7.1891.

83) Scholtz: a.w., pp. 90-91.

#### 2.5.3.4 Eerste distriksgeneesheer

Op 13 Desember 1890 kry Standerton sy eerste distriksgeneesheer in die persoon van dr. Herbert Charles Simmons. Van hom het landdros Van Backström gesê: "Als er ooit een applicatie is, dat ek van harte zoude ondersteunen, dan is het dezen, omdat ik gemoedelik overtuigd is dat de applicant zich in alle deele heeft verdienstelik gemaakte, niet alleen in zijn vak maar als een burger van die Z.A.R."<sup>84)</sup> Dr. Simmons sou baie jare lank diens doen as distriksgeneesheer van Standerton.

#### 2.5.3.5 Gesondheidskomitee

Een van die laaste gebeure tydens Van Backström se landdrosskap was die totstandkoming van 'n gesondheidskomitee vir Standerton in die loop van 1893. Die eerste komitee het bestaan uit landdros Van Backström as voorsitter, die distriksgeneesheer, dr. Simmons en drie deur die dorpsbewoners verkose lede, naamlik J.N. Paddon, P.J.H. Minnaar en J.J. van Hasselt as sekretaris. Die belangrikste funksie van die komitee, was om amptenare aan te stel, die regulasies van die komitee uit te voer in verband met die algemene gesondheid van die dorp, en om belasting te hef vir die instandhouding van noodaaklike dienste.<sup>85)</sup> Die gesondheidskomitee het tot 1901 bestaan, toe dit deur 'n gesondheidsraad<sup>86)</sup> vervang is en op 24 September 1903 is 'n

---

84) R.15880/90: Landdros Van Backström - Staatsekretaris, 7.11.1890.

85) R.12352/93: Landdros Van Backström - Staatsekretaris, 27.9.1893.

86) Transvaal Government Gazette, 25.10.1901, Government Notice 28 of 16.10.1901, p. 522.

munisipale raad vir Standerton ingestel.<sup>87)</sup>

#### 2.5.4 A.C. Kieser (1895 -

Na die dood van Van Backström het die landdrosklerk van Standerton, A.C. Kieser, as landdros waargeneem en T.A. Butner is as landdrosklerk aangestel.<sup>88)</sup> Kort hierna het die burgers van die dorp en distrik vyf versoekskrifte aan Butner oorhandig om aan die regering te stuur waarin versoek word om die waarnemende landdros as kandidaat vir die verkiesing van landdros te benoem,<sup>89)</sup>

Kieser was blybaar gewild onder die burgers van Standerton want hy is met 'n meerderheid van 245 stemme bo sy teenstander, P.J. de Jager, verkie字 as landdros.<sup>90)</sup> Hy is op 11 Maart 1895 as landdros van Standerton voor die Uitvoerende Raad beëdig.<sup>91)</sup>

##### 2.5.4.1 Spoorverbinding met Natal

Die belangrikste gebeurtenis tydens Kieser se amp as landdros, was die opening van die Natalspoerlyn. Hierdie spoorverbinding sou baie bydra tot die ontginning en ontwikkeling van die suid-oostelike gedeelte van Transvaal.<sup>92)</sup>

---

87) Transvaal Government Gazette, 2.10.1903, Proclamation 43, p. 925.

88) R.5572/94: Staatsekretaris - Waarnemende landdros, 10.7.1894.

89) R.5572/94: T.A. Butner - Staatsekretaris, 10.7.1894.

90) R.5572/94: Telegram, Waarnemende landdros - Staatsekretaris, 11.3.1895.

91) R.5572/94: Kennisgewing, Kieser beëdig as landdros, 11.3.1895.

92) D.J. Coetzee: Spoorwegontwikkeling in die Z.A.R., p. 102.

Die spoorlyn is in 1895 deur die Natalse regering vanaf Charles-town na Heidelberg gebou kragtens 'n ooreenkoms wat die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatskappy met hulle aangaan het, terwyl laasgenoemde onderneem het om die spoorlyn van Elsburg na Heidelberg te bou.<sup>93)</sup> Die verkeer tussen Natal en Standerton is op 27 Augustus 1895 oopgestel en die van Standerton na Heidelberg op 15 November 1895.<sup>94)</sup> Die laaste spoorstaaf is op 10 Oktober 1895 naby Heidelberg gelê "met enige plechtigheid in tegenwoordigheid van die Regeringen van die Republiek en die Kolonie Natal en die Wedersydsche spoorweg-autoriteiteen."<sup>95)</sup> Die spoorverbinding met Durban en die Witwatersrande goudveld het groot voordele vir die Boere van Standerton ingehou. Hulle was nou verseker van 'n bestendige mark vir hulle produkte soos wol, vleis en graan.

#### 2.5.4.2 Perdeboerdery

Perdeboerdery het tydens Kieser se landdrosskap 'n bloeityd beleef. Standerton is van vroeg af reeds bekend vir sy pragtige perde. Een van die baanbrekers op die gebied van perdetelery, was Daniell Smith. Tydens 'n besoek in Maart 1895 aan die tentoonstelling in Johannesburg, was hy so teleurgesteld met die gehalte van die perde wat vertoon is, dat hy dadelik 'n plaas in die Standertondistrik gekoop het en teelperde in Europa gaan koop het. Met die tweede tentoonstelling kon Smith reeds

---

93) Ibid., p. 106.

94) The Star, 14.10.1895.

95) De Volksstem, 12.10.1895.

twee pragtige vullens van die ingevoerde perde vertoon.<sup>96)</sup>  
Smith het blybaar 'n groot invloed uitgeoefen op die teel van perde in die Standertonse distrik. Om die teling van perde verder te bevorder, het die Republikeinse regering 'n stoetplaas naby Standerton opgerig waar die mooiste perde ooit in Suid-Afrika geteel is.<sup>97)</sup>

#### 2.5.4.3 Runderpes

Met die uitbreek van die gevreesde veesiekte, runderpes in 1896, het Kieser sy hande vol gehad om die nodige maatreëls te tref om die verspreiding van die siekte te beheer. Die distrik Standerton is besmet deur beeste van 'n sekere Basson wat in aanraking was met besmette beeste wat wederregtelik uit Waterberg na die distrik Pretoria gebring is. Basson het naamlik beeste wat die siekte onder lede gehad het, vanuit die distrik Pretoria na sy plaas in die distrik Standerton gebring.<sup>98)</sup>

Op 29 Oktober 1896 het die pes gelyktydig op twee plekke in die distrik uitgebreek.<sup>99)</sup> Die gevreesde siekte het sy verskyning

- 
- 96) R.5826/97: Memorie betreffende die Tentoonstellingsparade van het Witwatersrandse Landbougenootskap aan die Staats-president en Uitvoerende Raad.
  - 97) H.J.M. Bell en C.A. Lane: A guide to the Transvaal, p. 131; Armitage van Standerton teel vandag nog Julywenners.
  - 98) J.P. Kotze: Die Runderpes in die Transvaal en die onmiddellike gevolge daarvan, 1896-1899, p. 59.
  - 99) R.15035/96: Landdros - Staatsekretaris, 29.9.1896.

op J.A. Muller se plaas Erdzak gemaak.<sup>100)</sup> Uit talle telegramme waarin die Landdros aan die Staatsekretaris verslag gedoen het, blyk dit dat Standerton aansienlik veeverliese moes gehad het. So meld die landdros dat die pes gemaai het onder die beeste van M. Oosthuizen en H. Badenhorst op die plaas Kafferspruit, wyk Kliprivier. Daar was op die stadium reeds 53 van die 375 beeste dood. Op Muller se plaas het reeds 72 beeste gevrek en die ander was dodelik siek. Dit was min of meer die patroon wat oor die hele distrik voorgekom het.<sup>101)</sup>

Die omvang van die veeverliese in die distrik Standerton weens die runderpes, was 20 000 beeste dood, 1 000 vankant gemaak, 10 000 gesout en 10 000 onaangetas. Van die 41 000 beeste wat voor die pes in die distrik was, is ongeveer die helfte deur die pes vernietig. Vir die boere was dit 'n ernstige ekonomiese terugslag.<sup>102)</sup>

Die twee jaar wat die Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het, het stil en rustig verloop en met die uitbreek van vyandelikhede op 11 Oktober 1899, was Kieser nog steeds landdros van Standerton.

## 2.6 Samevatting

Standerton is op 1 Januarie 1879 deur Shepstone as dorp geoproklameer, die grense van die distrik is toe ook vasgestel. Die eerste landdros was J.C. Krogh wat baie aandag aan die

---

100) Argief Standerton, Landdros Telegramboek 1896: Landdros - Staatsekretaris, s.d.

101) Ibid., Landdros - Staatsekretaris, s.d.

102) Kotze: a.w., p. 214.

voorsiening van water gegee het. Sy opvolger, J.S. Smit, het hom beywer vir 'n markmeester en die plasing van die posdiens op 'n vaste grondslag. Die derde landdros, J. van Backström, was die aktiefste. Gedurende sy laniddrosskap is verskeie bouwerke soos 'n nuwe gevängenis, vergroting van dié landdroshof en die bou van 'n brug oor die Vaalrivier onderneem. Standerton het ook sy eerste distriksgeneesheer gekry en 'n gesondheidskomitee is ingestel. A.C. Kieser was die laaste landdros; die opening van die Natalspoorlyn en die runderpes was die vernaamste gebeure voor die oorlog. Samevattend blyk dit dat in die eerste twintig jaar van die dorp se bestaan, nog nie juis veel plaas gevind het nie.